# Lesing 13.06.2018 - DEEL 27 - Die belofte van alle Verbonde - DIE GEES

[Die wêreld sal die nabootsing volg]

**Ode van Salomo 38.1** EK gaan op in die Lig van Waarheid soos in ‘n strydwa, en **Waarheid lei my** en bring my,
2 en **Sy** neem my oor die afgronde en skeure, en **Sy** red my van kranse en valleie;
3 **Sy** word vir my ‘n hawe van Verlossing, en plaas my neer op die **arms van die Ewige Lewe**:
4 En **Sy** gaan saam met my en gee my rus, en laat my nie oortree nie, **want Sy is Waarheid**.
5 Ek is in geen gevaar nie, want ek wandel met **Haar**, en ek oortree in niks nie, want ek gehoorsaam **Haar**;
6 Want dwaling wyk van **Haar**, en ontmoet **Haar** nie.
7 Maar **Waarheid gaan op ‘n reguit Weg** en alles wat ek nie weet nie, wys Sy my,
8 Selfs al die bedwelminge van oortreding, en al die kastydings van die dood, wat gereken word as soetheid.
9 Die **Verderwer van verdorwenheid** het ek gesien, terwyl ’n **bruid wat verdorwe is**, besig was om haarself te tooi; selfs **’n bruidegom wat verlei** en bedorwe is;
10 En ek het **Waarheid** gevra: Wie is hierdie? En **Sy** het vir my gesê, **hy is die Bedrieër en sy is die Dwaling**;
11 **Hulle boots die Geliefde Een en Sy Bruid na**, en veroorsaak dat die wêreld dwaal, en verderwe haar; [Openbaring Hfs. 13, 17 & 18]
12 En **hulle nooi baie uit na ‘n feesmaal** en gee aan hulle die wyn van hul **dronkenskap** om te drink,
13 Hulle maak dat hulle hul **wysheid en insig braak** en hulle bewys hulself as dwaas;
14 **Dan verlaat Sy hulle**; maar hulle gaan rond, **rasende en bedorwende**, want hulle is sonder Insig, omdat hulle **Haar** ook nie soek nie. [JeshaJaH 14:14]
15 Ek het verstandig opgetree, sodoende het ek nie in die hande van die Bedrieër geval nie. En ek het myself voorspoed toegewens, **omdat Waarheid my vergesel** het.
16 Ek het sterk geword, en geleef, en is verlos. My **fondamente is gelê naby JaHWeH**; want Hy het my
geplant. 17 Want Hy het die Wortel vasgestel en Sy vrugte sal vir altyd wees.
18 Hulle gaan diep af en groei hoog op en sprei uit, en word vol en oorvloedig.
19 En JaHWeH alleen is Geloof **vir Sy Aanplanting en Sy Verbouing,** [JeHôWganan 15:1]
20 Vir Sy sorg en vir die seëning van Sy Lippe, vir die pragtige **Plantling van Sy Regterhand**,
21 En vir die **ontdekking** van Sy Aanplanting, en vir die skranderheid van Sy Verstand.
Halalu-JaHH/Prys jul JaHH!

Openbaring 10:1

EN ek het ’n ander sterk Boodskapper uit die Hemele sien neerdaal, bekleed met die Wolkkolom, en ’n **reënboog was oor Sy hoof**, en Sy aangesig was soos die son, en Sy voete soos pilare van vuur;
2 en in Sy Hand het Hy **’n geopende Boekie** gehad, en Hy het Sy regtervoet op die see gesit en Sy linkervoet op die land;
3 en Hy het met ’n groot stem uitgeroep soos ’n leeu wat brul, en toe Hy uitgeroep het, het die **sewe donderslae** hulle stemme laat hoor. [Boekrol van Henog 20:2]
4 En toe die sewe donderslae hulle stemme laat hoor het, wou ek skrywe; maar ek het ’n Stem uit die Hemele vir my hoor sê: **Verseël wat die sewe donderslae gespreek** het, en skryf dit nie op nie.
5 En die Boodskapper wat ek op die see en op die land sien staan het, het Sy hand na die Hemele opgehef,
6 en Hy het gesweer by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die Hemele geskape het en wat daarin is, en die Aarde en wat daarin is, en die see en wat daarin is **dat daar geen tyd meer sal wees nie**;
7 maar **in die dae van die stem van die sewende Boodskapper**, wanneer Hy begin blaas, dan is die **verborgenheid van Elohim volbring**, soos Hy die goeie nuus verkondig het aan Sy diensknegte, die Profete.
8 En die Stem wat ek uit die Hemele gehoor het, het weer tot my gespreek en gesê: Gaan, **neem die geopende boekie** in die hand van die Boodskapper wat op die see en land staan.
9 En ek het na die Boodskapper gegaan en aan hom gesê: Gee my die boekie. Toe sê Hy vir my: Neem en eet haar op, en **sy sal jou maag bitter maak, maar in jou mond sal sy soet wees soos heuning**. [JeségiEl 3:1]
10 Toe neem ek die Boekie uit die hand van die Boodskapper en eet haar op, en in my mond was sy soet soos heuning; maar toe ek haar geëet het, het my maag bitter geword.
11 En Hy het vir my gesê: **Jy moet weer profeteer oor baie volke en nasies en tale en konings**.